

INSEKDIENS AAN DIE BEWARINGSBOER

Bewaringsboerdery bevorder insekbio-diversiteit, wat op sy beurt plaë kan help onderdruk, wys navorsingresultate in die Vrystaat en Noordwes.

Me. Heidi Meyer het dié ondersoek vir haar honneursgraad onder die leiding van dr. Annemie Erasmus van die Landbounavorsingsraad se Somergraaninstituut gedoen.

Annemie sê bewaringsboerdery skep 'n heel ander habitat as konvensionele bewerking, wat insekte wat gewasse help beskerm, kan lok en ondersteun.

In 'n bewaringslandboustelsel is die grond koeler en natter in die somer en in die winter warmer en natter danksy plantreste op die grond.

Dit is egter nog onseker presies hoe in-

sekbevolkings op bewaringsboerdery reageer.

Heidi het in haar ondersoek insekmorfosoorte op onderskeidelik konvensioneel bewerkte en bewaringsboerderylande by Kroonstad, Vredefort, Ottosdal, Sannieshof en Hartbeesfontein vergelyk.

Sy het op elke land die aantal morfo-inseksoorte en die aantal individuele insekte getel. Die insekte is dus nie tot op soortvlak geïdentifiseer nie, maar volgens hul morfologiese eienskappe verdeel.

Op al vyf plekke was die aantal individuele insekte meer op bewaringsboerderylande en op vier van die vyf plekke was



Dr. Annemie Erasmus

die aantal morfo-inseksoorte ook meer.

Annemie sê die ideaal is om praktyke te volg wat insekbio-diversiteit bevoordeel of herstel, want as dié diversiteit verhoog, is die risiko van plaaguitbrekings kleiner omdat 'n stabielere insekomgewing geskep is.

“Dit is daarvandaan dat die uitdrukking ekostelseldiens kom. Dit beteken dat die insekte 'n diens aan die boer lewer deurdat die stabielere bio-diversiteit potensiële plaë kan onderdruk,” sê sy.

– MARLEEN SMITH

NAVRAE: Dr. Annemie Erasmus, tel. **018 299 6113**.